Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

REGULASIEKOERANT No. 3153 | PRYS + 1c AVB 20c PRICE + 1c GST | REGULATION GAZETTE No. 3153
As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer | BUITELANDS 30c ABROAD | Registered at the Post Office as a Newspaper
POSVRY · POST FREE

Vol. 189] PRETORIA, 6 MAART/MARCH 1981 [No. 7467

# GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

## DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE AANGELEENTHEDE

No. R. 488 6 Maart 1981

REGULASIES KRAGTENS DIE WET OP DIE REHOBOTH-BELEGGINGS- EN -ONTWIKKELINGSKORPORASIE, 1969 (WET 84 VAN 1969).—WYSIGING

Die Staatspresident het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 24 van die Wet op die Rehobothbeleggings- en -ontwikkelingskorporasie, 1969 (Wet 84 van 1969), die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 3459 van 3 Oktober 1969, soos gewysig, verder gewysig soos in die Bylae hiervan uiteengesit.

BYLAE

Regulasie 7 word hierby gewysig deur paragraaf (b) van subregulasie (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(b) reiskoste teen openbare tarief of, indien private vervoer gebruik word, teen 20,5c per kilometer;".

No. R. 489 6 Maart 1981

WET OP LANDELIKE KLEURLINGGEBIEDE, 1979, VAN DIE VERTEENWOORDIGENDE KLEURLINGRRAAD.—REGULASIES

Kragtens die bepalings van artikel 44 (k) van die Wet op Landelike Kleurlinggebiede, 1979 (Wet 1 van 1979), van die Verteenwoordigende Kleurlingraad, word die bykomende bevoegdhede en pligte soos in die Bylae hiervan uiteengesit, aan bestuursrade verleen en hulle opgelê.

J. C. HEUNIS, Minister van Binnelandse Aangeleenthede.

BYLAE

Om skutte binne sy gebied te voorsien en in stand te hou en om regulasies in verband daarmee en in verband met die skut van diere wat oortree op grond wat by die raad berus of deur die raad beheer word (insluitende die buitemeent) uit te vaardig.

# GOVERNMENT NOTICES

## DEPARTMENT OF INTERNAL AFFAIRS

No. R. 488 6 March 1981

REGULATIONS UNDER THE REHOBOTH INVESTMENT AND DEVELOPMENT CORPORATION ACT, 1969 (ACT 84 OF 1969).—AMENDMENT

The State President has, under and by virtue of the powers vested in him by section 24 of the Rehoboth Investment and Development Corporation Act, 1969 (Act 84 of 1969), further amended the regulations published under Government Notice R. 3459 of 3 October 1969, as amended, as set out in the Schedule hereto.

SCHEDULE

Regulation 7 is hereby amended by the substitution for paragraph (b) of subregulation (1) of the following paragraph:

"(b) travelling expenses calculated at the public tariff or, if private transport is used, at 20,5c per kilometre;".

No. R. 489 6 March 1981

RURAL COLOURED AREAS LAW, 1979, OF THE COLOURED PERSONS REPRESENTATIVE COUNCIL.—REGULATIONS

In terms of section 44 (k) of the Rural Coloured Areas Law, 1979 (Law 1 of 1979), of the Coloured Persons Representative Council, the additional Powers and duties as set out in the Schedule hereto are granted to and imposed on boards of management.

J. C. HEUNIS, Minister of Internal Affairs.

SCHEDULE

To provide and maintain pounds in its area and to promulgate regulations in connection therewith and in respect of the impounding of animals which tresspass on land vested in the board or controlled by the board (including the outer commonage).

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. R. 493 6 Maart 1981

WET OP ONDERWYS VIR KLEURLINGE, 1963
WYSIGING VAN REGULASIES

Kragtens artikel 34 van die Wet op Onderwys vir Kleurlinge, 1963 (Wet 47 van 1963), wysig ek, Jan Christian Heunis, Minister van Binnelandse Aangeleenthede, hierby die regulasies uitgevaardig kragtens genoemde artikel 34 en afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1898 van 21 November 1963 in *Staatskoerant* 661 van 4 Desember 1963, soos gewysig, verder soos volg:

Regulasie U1.2 word gewysig deur die voorbehoudsbepalings deur die volgende te vervang: "Met dien verstande dat waar geen skoolkomitee by 'n Staatskool bestaan nie, die Sekretaris 'n trustkomitee kan benoem, bestaande uit minstens drie en hoogstens sewe persone, hetsy ouers of voogde van leerlinge in die betrokke skool al dan nie: Met dien verstande voorts dat indien daar by 'n Staatsondersteunde skool nie 'n skoolkomitee bestaan nie, die trustkomitee by sodanige skool, tensy die Sekretaris anders gelas, bestaan uit die bestuurder en òf die hoof òf onderhoof van sodanige skool en hoogstens vier persone, hetsy ouers of voogde van leerlinge in die betrokke skool, al dan nie, deur die bestuurder in oorleg met die hoof aangewys en onderworpe aan die goedkeuring van die Sekretaris. Die bestuurder of sy plaasvervanger tree op as voorsitter van die trustkomitee.".

J. C. HEUNIS, Minister van Binnelandse Aangeleenthede.

No. R. 493 6 March 1981

COLOURED PERSONS EDUCATION ACT, 1963
AMENDMENT OF REGULATIONS

In terms of section 34 of the Coloured Persons Education Act, 1963 (Act 47 of 1963), I, Jan Christian Heunis, Minister of Internal Affairs, hereby further amend the regulations made under the said section 34 and published under Government Notice R. 1898, dated 21 November 1963, in *Government Gazette* 661, dated 4 December 1963, as amended, as follows:

Regulation U1.2 is amended by the substitution for the provisos of the following: "Provided that where a school committee does not exist at a State school, the Secretary may appoint a trust committee consisting of not less than three and not more than seven persons, whether parents or guardians of pupils attending such school or not: Provided further that where a school committee does not exist at a State-aided school, the trust committee of such school shall, unless the Secretary directs otherwise consist of the manager and either the principal or the vice-principal of such school and not more than four persons, whether parents or guardians of pupils attending such school or not, who have been designated by the manager after consultation with the principal and approved by the Secretary. The manager or his deputy shall act as chairman of the trust committee.".

J. C. HEUNIS Minister of Internal Affairs.

## DEPARTEMENT VAN FINANSIES

No. R. 456 6 Maart 1981

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

WYSIGING VAN BYLAE 3 (No. 3/658)

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Bylae 3 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

D. W. STEYN, Adjunk-minister van Finansies.

## DEPARTMENT OF FINANCE

No. R. 456 6 March 1981

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964

AMENDMENT OF SCHEDULE 3 (No. 3/658)

Under section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, Schedule 3 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

D. W. STEYN, Deputy Minister of Finance.

BYLAE

| I<br>Item | II<br>Tariefpos en Beskrywing | III<br>Mate van Korting |
|---|---|---|
| 316.11 | Deur na tariefpos No. 70.20 die volgende in te voeg:<br>„74.04 Smeeband, van koper, vir die vervaardiging van koaksiale kabel | Volle reg" |

*Opmerking.*—Voorsiening word gemaak vir 'n volle korting op reg op smeeband, van koper, vir die vervaardiging van koaksiale kabel.

SCHEDULE

| I<br>Item | II<br>Tariff Heading and Description | III<br>Extent of Rebate |
|---|---|---|
| 316.11 | By the insertion after tariff heading No. 70.20 of the following:<br>"74.04 Wrought strip, of copper, for the manufacture of coaxial cable | Full duty" |

*Note.*—Provision is made for a rebate of the full duty on wrought strip, of copper, for the manufacture of coaxial cable.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. R. 455 6 Maart 1981

## DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

## WYSIGING VAN BYLAE 3 (No. 3/657)

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Bylae 3 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

D. W. STEYN, Adjunk-minister van Finansies.

No. R. 455 6 March 1981

## CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964

## AMENDMENT OF SCHEDULE 3 (No. 3/657)

Under section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, Schedule 3 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

D. W. STEYN, Deputy Minister of Finance.

### BYLAE

| I<br>Item | II<br>Tariefpos en Beskrywing | III<br>Mate van Korting |
|---|---|---|
| 304.01 | Deur na tariefpos No. 03.03 die volgende in te voeg:<br>„16.04 Makriel, in lugdigte metaalhouers, vir die vervaardiging van vissmeer | Volle reg" |
| 316.01 | Deur na paragraaf (2) van tariefpos No. 39.07 die volgende in te voeg:<br>„(3) Skroefdraadbeskermers, van kunsplastiekstof, vir die vervaardiging van boorstange vir drukbore | Volle reg" |
| | Deur na paragraaf (3) van tariefpos No 73.18 die volgende in te voeg:<br>„(4) Naatlose buise en pype en ru-stukke, van yster of staal (uitgesonderd dié van vlekvrye staal), met gladde ente, met 'n wanddikte van minstens 10 mm of waarvan die buitedeursnee-afmeting minstens 75 mm is en waarvan die wanddikte minstens eentiende van die buitedeursnee-afmeting uitmaak, vir die vervaardiging van boorstange vir drukbore | Volle reg" |
| | Deur na tariefpos No. 73.32 die volgende in te voeg:<br>„73.40 Skroefdraadbeskermers, van yster of staal, vir die vervaardiging van boorstange vir drukbore | Volle reg" |

*Opmerkings.*—1. Voorsiening word gemaak vir 'n volle korting op reg op makriel, in lugdigte metaalhouers, vir die vervaardiging van vissmeer.

2. Voorsiening word gemaak vir 'n volle korting op reg op—

(a) skroefdraadbeskermers van kunsplastiekstof,

(b) naatlose buise en pype en ru-stukke, van yster of staal (uitgesonderd dié van vlekvrye staal), met gladde ente, met 'n wanddikte van minstens 10 mm of waarvan die buitedeursnee-afmeting minstens 75 mm is en waarvan die wandikte minstens een-tiende van die buitedeursnee-afmeting uitmaak, en

(c) skroefdraadbeskermers van ystei of staal,

vir die vervaardiging van boorstange vir drukbore.

### SCHEDULE

| I<br>Item | II<br>Tariff Heading and Description | III<br>Extent of Rebate |
|---|---|---|
| 304.01 | By the insertion after tariff heading No. 03.03 of the following:<br>"16.04 Mackerel, in airtight metal containers, for the manufacture of fish paste | Full duty" |
| 316.01 | By the insertion after paragraph (2) of tariff heading No. 39.07 of the following:<br>"(3) Thread protectors, of artificial plastic material, for the manufacture of drill rods for thrust borers | Full duty" |
| | By the insertion after paragraph (3) of tariff heading No. 73.18 of the following:<br>"(4) Seamless tubes and pipes and blanks, of iron or steel (excluding those of stainless steel), with plain ends, with a wall thickness of 10 mm or more or of which the outside cross-sectional dimension is 75 mm or more and of which the wall thickness is one-tenth or more of the outside cross-sectional dimension, for the manufacture of drill rods for thrust borers | Full duty" |
| | By the insertion after tariff heading No. 73.32 of the following:<br>"73.40 Thread protectors, of iron or steel, for the manufacture of drill rods for thrust boiers | Full duty" |

*Notes.*—1. Provision is made for a rebate of the full duty on mackerel, in airtight metal containers, for the manufacture of fish paste.

2. Provision is made for a rebate of the full duty on—

(a) thread protectors of artificial plastic material,

(b) seamless tubes and pipes and blanks, of iron or steel (excluding those of stainless steel), with plain ends, with a wall thickness of 10 mm or more or of which the outside cross-sectional dimension is 75 mm or more and of which the wall thickness is one-tenth or more of the outside cross-sectional dimension, and

(c) thread protectors of iron or steel,

for the manufacture of drill rods for thrust borers.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. R. 454 6 Maart 1981

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

WYSIGING VAN BYLAE 1 (No. 1/1/738)

Kragtens artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 1 van Bylae 1 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

D. W. STEYN, Adjunk-minister van Finansies.

No. R. 454 6 March 1981

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964

AMENDMENT OF SCHEDULE 1 (No. 1/1/738)

Under section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 1 of Schedule 1 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

D. W. STEYN, Deputy Minister of Finance.

BYLAE

| I | II | III | IV |
|---|---|---|---|
| Tariefpos | Statistiese Eenheid | Skaal van Reg | |
| | | Algemeen | M.B.N. |
| 84.59 Deur na subpos No. 84.59.40 die volgende in te voeg:<br>„84.59.45 Toestelle vir die skoonmaak van skeepsrompe onder water | getal | vry" | |

*Opmerking.*—Spesifieke voorsiening word gemaak vir toestelle vir die skoonmaak van skeepsrompe onder water en die skaal van reg daarop word van 20% na vry verlaag.

SCHEDULE

| I | II | III | IV |
|---|---|---|---|
| Tariff Heading | Statistical Unit | Rate of Duty | |
| | | General | M.F.N. |
| 84.59 By the insertion after subheading No. 84.59.40 of the following:<br>"84.59.45 Appliances for cleaning ships' hulls under water | no. | free" | |

*Note.*—Specific provision is made for appliances for cleaning ships' hulls under water and the rate of duty thereon is reduced from 20% to free.

No. R. 485 6 Maart 1981

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

WYSIGING VAN BYLAE 1 (No. 1/1/741)

Kragtens artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 1 van Bylae 1 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

D. W. STEYN, Adjunk-minister van Finansies.

No. R. 485 6 March 1981

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964

AMENDMENT OF SCHEDULE 1 (No. 1/1/741)

Under section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 1 of Schedule 1 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

D. W. STEYN, Deputy Minister of Finance.

BYLAE

| I | II | III | IV |
|---|---|---|---|
| Tariefpos | Statistiese Eenheid | Skaal van Reg | |
| | | Algemeen | M.B.N. |
| 04.05 Deur subpos No. 04.05.10 deur die volgende te vervang:<br>„04.05.10 Eiers in die dop | kg | vry" | |

*Opmerking.*—Die skaal van reg op eiers in die dop word van 360c per 100 kg na vry verlaag.

SCHEDULE

| I | II | III | IV |
|---|---|---|---|
| Tariff Heading | Statistical Unit | Rate of Duty | |
| | | General | M.F.N. |
| 04.05 By the substitution for subheading No. 04.05.10 of the following:<br>"04.05.10 Eggs in the shell | kg | free" | |

*Note.*—The rate of duty on eggs in the shell is reduced from 360c per 100 kg to free.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. R. 453 6 Maart 1981

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

WYSIGING VAN BYLAE 1 (No. 1/1/739)

Kragtens artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 1 van Bylae 1 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

D. W. STEYN, Adjunk-minister van Finansies.

No. R. 453 6 March 1981

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964

AMENDMENT OF SCHEDULE 1 (No. 1/1/739)

Under section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 1 of Schedule 1 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

D. W. STEYN, Deputy Minister of Finance.

BYLAE

| I | II | III | IV |
|---|---|---|---|
| Tariefpos | Statistiese Eenheid | Skaal van Reg | |
| | | Algemeen | M.B.N. |
| 84.45 Deur subpos No. 84.45.60.10 deur die volgende te vervang: | | | |
| „.10 Buigperse, hidroulies, met 'n vermoë van minder as 8 900 kN | getal | 20% | |
| .15 Buigperse, hidroulies, met 'n vermoë van minstens 8 900 kN | getal | vry" | |

*Opmerking.*—Spesifieke voorsiening word gemaak vir hidrouliese buigperse met 'n vermoë van minstens 8 900 kN en die skaal van reg daarop word van 20% na vry verlaag.

SCHEDULE

| I | II | III | IV |
|---|---|---|---|
| Tariff Heading | Statistical Unit | Rate of Duty | |
| | | General | M.F.N. |
| 84.45 By the substitution for subheading No. 84.45.60.10 of the following: | | | |
| ".10 Pressbrakes, hydraulic, with a capacity of less than 8 900 kN | no. | 20% | |
| .15 Pressbrakes, hydraulic, with a capacity of 8 900 kN or more | no. | free" | |

*Note.*—Specific provision is made for hydraulic pressbrakes with a capacity of 8 900 kN or more and the rate of duty thereon is reduced from 20% to free.

No. R. 452 6 Maart 1981

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

WYSIGING VAN BYLAE 1 (No. 1/1/737)

Kragtens artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 1 van Bylae 1 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

D. W. STEYN, Adjunk-minister van Finansies.

No. R. 452 6 March 1981

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964

AMENDMENT OF SCHEDULE 1 (No. 1/1/737)

Under section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 1 of Schedule 1 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

D. W. STEYN, Deputy Minister of Finance.

BYLAE

| I | II | III | IV |
|---|---|---|---|
| Tariefpos | Statistiese Eenheid | Skaal van Reg | |
| | | Algemeen | M.B.N. |
| 39.02 Deur subpos No. 39.02.75 deur die volgende te vervang: | | | |
| „39.02.75 Kumaroon-indeenharse, vloeistof of pasta of in blokke, stukke, poeiers, korrels, vlokke en dergelike massavorms | kg | 20%" | |

*Opmerkings.*—1. Die skaal van reg op kumaroon-indeenharse, vloeistof of pasta of in blokke, stukke, poeiers, korrels, vlokke en dergelike massavorms, word van vry na 20% verhoog.

2. Goedere wat aan die vereistes van item 460.22 voldoen kan by dié item met korting op reg toegelaat word.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



SCHEDULE

| I | II | III | IV |
|---|---|---|---|
| Tariff Heading | Statistical Unit | Rate of Duty | |
| | | General | M.F.N. |
| 39.02 By the substitution for subheading No. 39.02.75 of the following: "39.02.75 Coumarone-indene resins, liquid or pasty or in blocks, lumps, powders, granules, flakes and similar bulk forms | kg | 20%" | |

*Notes.*—1. The rate of duty on coumarone-indene resins, liquid or pasty or in blocks, lumps, powders, granules, flakes and similar bulk froms, is increased from free to 20%.

2. Goods which comply with the requirements of item 460.22 may be allowed under rebate of duty under that item.

No. R. 451 6 Maart 1981

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

WYSIGING VAN BYLAE 1 (No. 1/1/740)

Kragtens artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 1 van Bylae 1 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

D. W. STEYN, Adjunk-minister van Finansies.

No. R. 451 6 March 1981

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964

AMENDMENT OF SCHEDULE 1 (No. 1/1/740)

Under section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 1 of Schedule 1 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

D. W. STEYN, Deputy Minister of Finance.

BYLAE

| I | II | III | IV |
|---|---|---|---|
| Tariefpos | Statistiese Eenheid | Skaal van Reg | |
| | | Algemeen | M.B.N. |
| 20.06 Deur subpos No. 20.06.40 deur die volgende te vervang: | | | |
| „20.06.40 Neute: | | | |
| .10 Makadamianeute | kg | vry | |
| .90 Ander | kg | 420c per 100 kg" | |

*Opmerking.*—Die skaal van reg op sekere voorbereide of gepreserveerde makadamianeute word van 420c per 100 kg na vry verlaag.

SCHEDULE

| I | II | III | IV |
|---|---|---|---|
| Tariff Heading | Statistical Unit | Rate of Duty | |
| | | General | M.F.N. |
| 20.06 By the substitution for subheading No. 20.06.40 of the following: | | | |
| "20.06.40 Nuts: | | | |
| .10 Macadamia nuts | kg | free | |
| .90 Other | kg | 420c per 100 kg" | |

*Note.*—The rate of duty on certain prepared or preserved macadamia nuts is reduced from 420c per 100 kg to free.

## DEPARTEMENT VAN GESONDHEID, WELSYN EN PENSIOENE

No. R. 436 6 Maart 1981

WYSIGING VAN ITEM 9—(HEGMATERIAAL)—BYLAE C.—GELDTARIEF TEN OPSIGTE VAN PRIVATE HOSPITALE

Kragtens artikel 30 (3) van die Wet op Mediese Skemas, 1967 (Wet 72 van 1967), soos gewysig, gee ek, Joseph Petrus Hermanus Steyn, Registrateur van Mediese Skemas, hierby kennis van die wysiging van item 9 van Bylae C van die tarief, afgekondig by

## DEPARTMENT OF HEALTH, WELFARE AND PENSIONS

No. R. 436 6 March 1981

AMENDMENT TO ITEM 9—(SUTURES)—ANNEXURE C.—TARIFF OF FEES IN RESPECT OF PRIVATE HOSPITALS

In terms of section 30 (3) of the Medical Schemes Act, 1967 (Act 72 of 1967), as amended, I, Joseph Petrus Hermanus Steyn, Registrar of Medical Schemes, hereby give notice that item 9 of Annexure C of the

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



Goewermentskennisgewing R. 1550 van 25 Julie 1980 en deur die Minister van Gesondheid, Welsyn en Pensioene goedgekeur, soos volg:

In beide die Engelse en die Afrikaanse teks:

*Item 9—(Hegmateriaal)—Bylae* C.—Vervang die syfers "R4,20" en "R2,50" onderskeidelik deur die syfers "R5,00" en "R2,90".

tariff published in Government Notice R. 1550 of 25 July 1980, and approved by the Minister of Health, Welfare and Pensions, has been amended as follows:

In both the English and the Afrikaans texts:

*Item 9—(Sutures)—Annexure* C.—The substitution of the figures "R5,00" and "R2,90" for the figures "R4,20" and "R2,50", respectively.

---

No. R. 437 6 Maart 1981

## AFKONDIGING VAN ROOKBEHEERREGULASIES INGEVOLGE ARTIKEL 18 (5) VAN DIE WET OP VOORKOMING VAN LUGBESOEDELING, 1965 (WET 45 VAN 1965)

Ingevolge artikel 18 (5) van die Wet op Voorkoming van lugbesoedeling, 1965 (Wet 45 van 1965), en na oorlegpleging met die Nasionale Adviserende Komitee op Lugbesoedeling, kondig ek, Lourens Albertus Petrus Anderson Munnik, Minister van Gesondheid, Welsyn en Pensioene, hierby onderstaande regulasies af, wat met ingang van die datum van publikasie hiervan op die regsgebied van die Munisipaliteit van Randburg van toepassing is:

### MUNISIPALITEIT VAN RANDBURG.—REGULASIES VIR ROOKBEHEER

1. In hierdie regulasies, tensy die samehang anders aandui, beteken—

"brandstof-verbruikende toestel" 'n oond, stoomketel of ander toestel wat ontwerp of geskik is om brandstof in vloeibare vorm of in die vorm van gas of hout, steenkool, antrasiet of ander vaste brandstof te verbrand, of wat gebruik word om met enige materiaal weg te doen deur dit te verbrand, of om vaste brandstof aan 'n proses waarby die aanwending van hitte betrokke is te onderwerp, en enige noodsaaklike toebehore daarby;

"Raad" die Stadsraad van Randburg;

"Wet" die Wet op Voorkoming van Lugbesoedeling, 1965 (Wet 45 van 1965);

en het enige ander woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Wet geheg is, daardie betekenis.

2. (1) Behoudens die bepalings van subregulasie (2) mag geen eienaar of okkupeerder van enige perseel toelaat dat rook wat so 'n digtheid of inhoud het dat dit lig in groter mate as 40 persent verdonker, uit so 'n perseel uitgelaat of afgegee word nie, behalwe vir 'n totale tydperk van hoogstens drie minute gedurende elke aaneenlopende tydperk van 30 minute.

(2) Die bepalings van subregulasie (1) is nie van toepassing nie op rook wat strydig met daardie subregulasie uit 'n brandstof-verbruikende toestel afgegee of uitgelaat word, terwyl dit aan die gang gesit word of indien sodanige afgee of uitlating nie redelikerwys verhoed kon geword het nie, terwyl sodanige toestel nagegaan word of gedurende die tydperk wanneer bedoelde toestel tot stilstand kom of onklaar raak.

3. Geen persoon mag 'n brandstof-verbruikende toestel wat ontwerp is om vaste of vloeibare brandstof in of op enige perseel te verbruik, inrig of laat inrig of toelaat dat dit ingerig word of dit verander of uitbrei of laat verander of uitbrei of toelaat dat dit verander of uitgebrei word nie, tensy die planne en spesifikasies ten opsigte van sodanige inrig, uitbreiding of verandering deur die Raad goedgekeur is.

No. R. 437 6 March 1981

## PROMULGATION OF SMOKE CONTROL REGULATIONS IN TERMS OF SECTION 18 (5) OF THE ATMOSPHERIC POLLUTION PREVENTION ACT, 1965 (ACT 45 OF 1965)

In terms of section 18 (5) of the Atmospheric Pollution Prevention Act, 1965 (Act 45 of 1965), and after consultation with the National Air Pollution Advisory Committee, I, Lourens Albertus Petrus Anderson Munnik, Minister of Health, Welfare and Pensions, hereby promugate the following regulations, which shall apply to the area of jurisdiction of the Municipality of Randburg from the date of publication hereof:

### MUNICIPALITY OF RANDBURG.—SMOKE CONTROL REGULATIONS

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates—

"Act" means the Atmospheric Pollution Prevention Act, 1965 (Act 45 of 1965);

"Council" means the Town Council of Randburg;

"Fuel burning appliance" means any furnace, boiler or other appliance designed to burn or capable of burning liquid fuel or gaseous fuel or wood, coal, anthracite or other solid fuel, or used to dispose of any material by burning or to subject solid fuel to any process involving the application of heat, and any necessary appurtenances thereto; and any other word or expression to which a meaning has been assigned in the Act shall bear that meaning.

2. (1) Save as provided in subregulation (2), no owner or occupier of any premisses shall, except for an aggregate period not exceeding three minutes during any continuous period of 30 minutes, permit the emission or emanation from such premises of smoke of such a density or content as will obscure light to an extent greater than 40 per cent.

(2) The provisions of subregulation (1) shall not apply to smoke emanating or emitted in contravention of that subregulation from a fuel burning appliance during the start-up period or, if such emanation or emission could not resonably have been prevented, while such appliance is being overhauled or during the period of any breakdown or disturbance of such appliance.

3. No person shall install or cause or permit to be installed or alter or extend or cause or permit to be altered or extended any fuel burning appliance designed to burn solid or liquid fuel in or on any premises, unless the plans and specifications in respect of such installation, alteration or extension have been approved by the Council.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



4. Indien enige brandstof-verbruikende toestel strydig met regulasie 3 ingerig, uitgebrei of verander is, kan die Raad by skriftelike kennisgewing vereis dat die eienaar of okkupeerder van die betrokke perseel sodanige brandstof-verbruikende toestel van sodanige perseel verwyder binne 'n tydperk in die kennisgewing bepaal en wel op eie koste.

5. Die eienaar of okupeerder van enige perseel waarin of waarop enige brandstof-verbruikende toestel verbruik word, moet op skriftelike versoek van die Raad sodanige apparaat as wat die Raad bepaal op eie koste inrig, instand hou en gebruik ten einde die digtheid of kleur aan te dui of aan te teken of beide aan te dui en aan te teken van die rook deur sodanige toestel uitgelaat of ten einde die waarneming van sodanige rook vir die bepaling van die digtheid of kleur daarvan te vergemaklik en moet te alle redelike tye enige inligting wat deur middel van sodanige apparaat aangeteken of vasgestel is, aan die Raad beskikbaar stel.

6. Die bepalings van hierdie regulasies is nie op rook wat uit 'n woning uitgelaat word of op die inrig, verandering of uitbreiding van enige brandstof-verbruikende toestel in enige woning van toepassing nie.

7. (1) Geen persoon mag, en geen eienaar, okkupeerder of persoon in beheer van enige perseel of deel daarvan mag toelaat dat enige afvalmateriaal, vuilgoed of tuinafval insluitende afgesnyde gras, snoeisels of enige soortgelyke materiaal, in of op enige perseel of gedeelte daarvan verbrand word nie behalwe in 'n verbrandingstoestel wat vir dié doel kragtens hierdie regulasies behoorlik goedgekeur is.

(2) In enige geding ingevolge hierdie regulasie is dit nie 'n verweer om te bewys dat die beskuldigde nie van enige handelinge hierin vermeld, geweet het of nie daarvan bewus was of dit nie toegelaat het nie of dit verbied het.

8. Enige persoon kan skriftelik by die Raad aansoek doen om tydelike vrystelling ten opsigte van enige brandstof-verbruikende toestel of enige perseel van die bepalings van regulasie 2. Indien die Raad oortuig is dat daar afdoende redes vir sodanige vrystelling bestaan kan hy by skriftelike kennisgewing aan die aansoeker sodanige vrystelling vir 'n bepaalde tydperk verleen.

9. Enige persoon wat enige van die bepalings van hierdie regulasies oortree, begaan 'n misdryf en is by 'n eerste skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R200 of, by wanbetaling, gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande en, by 'n tweede of latere skuldigbevinding, 'n boete van hoogstens R1 000 of, by wanbetaling gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande.

4. If any fuel burning appliance has been installed, altered or extended in contravention of regulation 3, the Council may by notice in writing require the owner or occupier of the premises in question to remove, within a period specified in the notice and at his own expense, such fuel burning appliance from such premises.

5. The owner or occupier of any premises in or on which any fuel burning appliance is used shall, if so requested by the Council in writing, install, maintain and use at his own expense such apparatus as may be determined by the Council, for the purpose of indicating or recording or both indicating and recording the density or colour of the smoke emitted by such appliance or for the purpose of facilitating the observance of such smoke with a view to determining its density or colour and shall make available to the Council at all reasonable times any information recorded or ascertained by means of such apparatus.

6. The provisions of these regulations shall not apply to smoke emitted from any dwelling-house or to the installation, alteration or extension of any fuel burning appliance in any dwelling-house.

7. (1) No person, and no owner, occupier or person in control of any premises or part thereof, shall allow any waste material, rubbish or garden refuse including grass cuttings, prunings or any similar material, to be burnt in or any premises or part thereof, except in an incinerator which has been duly approved for this purpose in terms of these regulations.

(2) In any proceedings under this regulation it shall not be a defence to prove that the accused did not know of, was not aware of, did not permit or prohibited any of the acts mentioned herein.

8. Any person may apply in writing to the Council for temporary exemption from the provisions of regulation 2 in respect of any fuel burning appliance or any premises. If the Council is satisfied that there are adequate reasons for such exemption it may, by notice in writing to the applicant, grant such excemption for a specific period.

9. Any person who contravenes any provision of these regulations shall be guilty of an offence and liable on a first conviction to a fine not exceeding R200 or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding six months, and on a second or subsequent conviction, to a fine not exceeding R1 000 or, in default of payment, to imprisonment for a period of not exceeding 12 months.

No. R. 438 6 Maart 1981

## WET OP DIE BEHEER VAN MEDISYNE EN VERWANTE STOWWE, 1965 (WET 101 VAN 1965)

### VERBETERING: VAN DIE HAND WYS VAN AANSOEKE OM REGISTRASIE

Die teks van Goewermentskennisgewing R. 834 wat in *Staatskoerant* 7311 van 28 November 1980 verskyn het, word verbeter deur die weglating van die volgende:

H2704; Natrodale Pharmaceuticals Bpk.; Natrodale Garlic and Parsley; Kapsules; Gedistilleerde knoffelolie.

No. R. 438 6 March 1981

## MEDICINES AND RELATED SUBSTANCES CONTROL ACT, 1965 (ACT 101 OF 1965)

### CORRECTION: REJECTION OF APPLICATIONS FOR REGISTRATION

The text of Government Notice R. 834 published in *Government Gazette* 7311 of 28 November 1980 is corrected by the deletion of the following:

H2704; Natrodale Pharmaceuticals Ltd; Natrodale Garlic and Parsley; Capsules; Distilled oil of garlic.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



## DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN VISSERYE

No. R. 462 6 Maart 1981

REGULASIES MET BETREKKING TOT DIE GRADERING, VERPAKKING EN MERK VAN MANGO'S BESTEM VIR UITVOER UIT DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.—WYSIGING

Die Minister van Landbou het, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 4 van die Wet op Uitvoer van Landbouprodukte, 1971 (Wet 51 van 1971), die regulasies in die Bylae hiervan uiteengesit, gemaak.

BYLAE

1. In hierdie Bylae beteken "regulasies" die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 23 van 4 Januarie 1980.

2. Regulasie 9 van die regulasies word hierby gewysig deur subparagraaf (iii) van subregulasie (2) (a) deur die volgende subparagraaf te vervang:

| *Gehaltefaktor* | *Klas* 1 |
|---|---|
| "Volwassenheid.......... | Volwasse, goed ontwikkel vir die betrokke cultivar: Met dien verstande dat minstens 50 persent van die vlees tussen die skil en die pit, aan die rypste kant, gelerig verkleur is wanneer die vrug op die grootste ekwatoriale as deurgesny word". |

3. Regulasie 11 van die regulasies word hierby gewysig deur die byvoeging van die volgende subregulasie na subregulasie (5):

"(6) Die bruto minimum massa van 'n houer mag nie minder as 4,5 kg tydens inspeksie wees nie." en

4. Regulasie 12 van die regulasies word hierby gewysig deur die byvoeging van die volgende paragraaf na paragraaf (b) van subregulasie (1):

"(c) 'vesel', met letters minstens 6 mm hoog, indien die vrugte van 'n veselrige cultivar is.".

## DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND FISHERIES

No. R. 462 6 March 1981

REGULATIONS RELATING TO THE GRADING, PACKING AND MARKING OF MANGOES INTENDED FOR EXPORT FROM THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA.—AMENDMENT

The Minister of Agriculture has, under the powers vested in him by section 4 of the Agricultural Produce Export Act, 1971 (Act 51 of 1971), made the regulations as set out in the Schedule hereto.

SCHEDULE

1. In this Schedule "regulations" means the regulations published by Government Notice R. 23 of 4 January 1980.

2. Regulation 9 of the regulations is hereby amended by the substitution for subparagraph (iii) of subregulation (2) (a) of the following subparagraph:

| *Quality factor* | *Class* 1 |
|---|---|
| "Maturity................ | Mature, well developed for the cultivar concerned: Provided that at least 50 per cent of the flesh between the skin and the pip is of a yellowish colour on the ripest side when the fruit is bisected on its largest equatorial axis". |

3. Regulation 11 of the regulations is hereby amended by the addition of the following subregulation after subregulation (5):

"(6) The gross mass of a container shall not be less than 4,5 kg at the time of inspection." and

4. Regulation 12 of the regulations is hereby amended by the addition of the following paragraph after paragraph (b) of subregulation (1):

"(c) 'fibre' in letters of at least 6 mm in height, if the fruit is a fibrous cultivar.".

## DEPARTEMENT VAN MANNEKRAGBENUTTING

No. R. 467 6 Maart 1981

WET OP OPLEIDING VAN AMBAGSMANNE, 1951

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Mannekragbenutting, handelende kragtens artikel 2 van bogemelde Wet, wysig hierby met ingang van 1 April 1981, die toelaes betaalbaar aan kwekelinge tydens hul 12 maande intensiewe opleiding aan 'n sentrum, soos gespesifiseer in klousule 4 (a) van Goewermentskennisgewing R. 550 van 28 Maart 1980, dat dit soos volg lui:

'n Kwekeling sonder afhanklikes: R35 per week.
'n Kwekeling met een afhanklike: R45 per week.
'n Kwekeling met twee of meer afhanklikes: R60 per week.

S. P. BOTHA, Minister van Mannekragbenutting.

## DEPARTMENT OF MANPOWER UTILISATION

No. R. 467 6 March 1981

TRAINING OF ARTISANS ACT, 1951

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Manpower Utilisation, acting under the authority of section 2 of the above-mentioned Act, hereby amend, with effect from 1 April 1981, the allowances payable to trainees during their 12 months of intensive training at a centre, as specified in clause 4 (a) of Government Notice R. 550 of 28 March 1980, to read as follows:

A trainee without dependants: R35 per week.
A trainee with one dependant: R45 per week.
A trainee with two or more dependants: R60 per week.

S. P. BOTHA, Minister of Manpower Utilisation.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. R. 506 6 Maart 1981

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

BAK- EN/OF BANKETNYWERHEID (DURBAN EN DISTRIKTE).—WYSIGING VAN OOREENKOMS

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Mannekragbenutting, verklaar hierby—

(a) kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms (hierna die Wysigingsooreenkoms genoem) wat in die Bylae hiervan verskyn en op die Bak- en/of Banketnywerheid betrekking het, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 30 April 1982 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasie en die vakvereniging wat die Wysigingsooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en die werknemers wat lede van genoemde organisasie of vereniging is;

(b) kragtens artikel 48 (1) (b) van genoemde Wet, dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousule 1 (1), met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 30 April 1982 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié genoem in paragraaf (a) van hierdie kennisgewing, wat betrokke is by of in diens is in genoemde Nywerheid in die gebiede gespesifiseer in kolusule 1 (2) van die Wysigingsooreenkoms; en

(c) kragtens artikel 48 (3) (a) van genoemde Wet, dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousule 1 (1), met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 30 April 1982 eindig, in die gebiede gespesifiseer in klousule 1 (2) van die Wysigingsooreenkoms *mutatis mutandis* bindend is vir alle persone wat nie werknemers is nie en wat in diens is in genoemde Nywerheid by dié werkgewers vir wie enigeen van genoemde bepalings ten opsigte van werknemers bindend is en vir daardie werkgewers ten opsigte van sodanige persone in hul diens.

S. P. BOTHA, Minister van Mannekragbenutting.

BYLAE

NYWERHEIDSRAAD VIR DIE BAK- EN/OF BANKETNYWERHEID (DURBAN EN DISTRIKTE)

OOREENKOMS

ingevolge die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, gesluit deur en aangegaan tussen die

Durban and District Master Bakers' Association

(hierna die "werkgewers" of die "werkgewersorganisasie" genoem), aan die een kant, en die

Natal Baking Industry Employees' Union

(hierna die "werknemers" of die "vakvereniging" genoem), aan die ander kant,

wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Bak- en/of Banketnywerheid (Durban en Distrikte);

om die Ooreenkoms, gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 755 van 7 Mei 1976, soos gewysig en hernieu by Goewermentskennisgewings R. 277 van 25 Februarie 1977, R. 367 van 3 Maart 1978, R. 1649 van 18 Augustus 1978, R. 183 van 2 Februarie 1979, R. 1088 van 25 Mei 1979, R. 1517 van 13 Julie 1979, R. 2047 van 14 September 1979, R. 234 van 8 Februarie 1980 en R. 1619 van 8 Augustus 1980, te wysig.

1. TOEPASSINGSBESTEK

Hierdie Ooreenkoms moet in die Bak- en/of Banketnywerheid nagekom word—

(1) deur alle werkgewers wat lede van die werkgewersorganisasie is en deur alle werknemers wat lede van die vakvereniging is;

No. R. 506 6 March 1981

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

BAKING AND/OR CONFECTIONERY INDUSTRY (DURBAN AND DISTRICTS).—AMENDMENT OF AGREEMENT

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Manpower Utilisation, hereby—

(a) in terms of section 48 (1) (a) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement (hereinafter referred to as the Amending Agreement) which appears in the Schedule hereto and which relates to the Baking and/or Confectionery Industry, shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 30 April 1982, upon the employers' organisation and the trade union which entered into the Amending Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisation or union;

(b) in terms of section 48 (1) (b) of the said Act, declare that the provisions of the Amending Agreement, excluding those contained in clause 1 (1), shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 30 April 1982, upon all employers and employees, other than those referred to in paragraph (a) of this notice, who are engaged or employed in the said Industry in the areas specified in clause 1 (2) of the Amending Agreement; and

(c) in terms of section 48 (3) (a) of the said Act, declare that in the areas specified in clause 1 (2) of the Amending Agreement and with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 30 April 1982, the provisions of the Amending Agreement, excluding those contained in clause 1 (1), shall *mutatis mutandis* be binding upon all persons who are not employees and who are employed in the said Industry by the employers upon whom any of the said provisions are binding in respect of employees and upon those employers in respect of such persons in their employ.

S. P. BOTHA, Minister of Manpower Utilisation.

SCHEDULE

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE BAKING AND/OR CONFECTIONERY INDUSTRY (DURBAN AND DISTRICTS)

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1956, made and entered into by and between the

Durban and District Master Bakers' Association

(hereinafter referred to as the "employers" or the "employers' organisation"), of the one part, and the

Natal Baking Industry Employees' Union

(herinafter referred to as the "employees" or the "trade union"), of the other part,

being the parties to the Industrial Council for the Baking and/or Confectionery Industry (Durban and Districts),

to amend the Agreement published under Government Notice R. 755 of 7 May 1976, as amended and renewed by Government Notices R. 277 of 25 February 1977, R. 367 of 3 March 1978, R. 1649 of 18 August 1978, R. 183 of 2 February 1979, R. 1088 of 25 May 1979, R. 1517 of 13 July 1979, R. 2047 of 14 September 1979, R. 234 of 8 February 1980 and R. 1619 of 8 August 1980.

1. SCOPE OF APPLICATION

The terms of this Agreement shall be observed in the Baking and/or Confectionery Industry—

(1) by all employers who are members of the employers' organisation and all employees who are members of the trade union;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(2) in die landdrosdistrikte Durban (uitgesonderd daardie gedeelte wat voor die publikasie van Goewermentskennisgewing R. 1401 van 16 Augustus 1968 binne die landdrosdistrik Umlazi geval het), Inanda, Pinetown en Lower Tugela.

2. KLOUSULE 4.—LONE

In subklousule (1), vervang paragraaf (a) deur die volgende:

"(a) Geen werkgewer mag aan enige werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, wat enigeen van ondervermelde klasse werk verrig, laer lone as die hieronder uiteengesit betaal nie en geen werknemer mag sodanige laer lone aanneem nie:

| *Klas werknemer* | *Per week* R |
|---|---|
| Voorman | 97,60 |
| Vakman | 80,75 |
| Werktuigkundige of ambagsman | 80,75 |
| Versierder: | |
| Vrou— | |
| gedurende eerste jaar ondervinding | 41,45 |
| gedurende tweede jaar ondervinding | 51,00 |
| daarna | 54,75 |
| Man— | |
| gedurende eerste jaar ondervinding | 51,65 |
| gedurende tweede jaar ondervinding | 59,70 |
| daarna | 66,55 |
| Toesighouer | 80,75 |
| Assistent-toesighouer | 75,15 |
| Fabrieksklerk: | |
| Vrou— | |
| gedurende eerste jaar ondervinding | 38,35 |
| daarna | 42,10 |
| Man— | |
| gedurende eerste jaar ondervinding | 45,20 |
| daarna | 51,65 |
| Klerk, pakhuisman, toonbankassistent: | |
| Vrou, gekwalifiseer | 52,25 |
| Vrou, ongekwalifiseer— | |
| gedurende eerste jaar ondervinding | 39,60 |
| gedurende tweede jaar ondervinding | 43,30 |
| gedurende derde jaar ondervinding | 49,15 |
| Man, gekwalifiseer | 73,25 |
| Man, ongekwalifiseer— | |
| gedurende eerste jaar ondervinding | 45,20 |
| gedurende tweede jaar ondervinding | 51,00 |
| gedurende derde jaar ondervinding | 55,35 |
| gedurende vierde jaar ondervinding | 60,35 |
| gedurende vyfde jaar ondervinding | 65,30 |
| Versendingsklerk— | |
| gedurende eerste jaar ondervinding | 58,50 |
| daarna | 68,40 |
| Assistent-versendingklerk— | |
| gedurende eerste jaar ondervinding | 43,95 |
| daarna | 49,80 |
| Werknemer graad I: | |
| Vrou | 37,75 |
| Man | 45,20 |
| Werknemer graad II: | |
| Vrou | 35,20 |
| Man | 42,10 |
| Werknemer graad III: | |
| Vrou— | |
| by indiensneming | 33,70 |
| na een jaar diens | 34,90 |
| Man— | |
| by indiensneming | 39,40 |
| na een jaar diens | 40,55 |
| Faktotum | 53,50 |
| Drywer van 'n motorfiets, motordriewiel, bromponie of dergelike voertuig | 41,45 |
